

Posbus 7113, Newtonpark, 6055
Telefoon (041) 3651233
Faks (041) 3652586
h/v Willetstraat en 4de Laan, Newtonpark, 6045

'n Blink toekoms begin hier!

NUUSBRIEF 3

12 FEBRUARIE 2021

UIT DIE KANTOOR

Geagte Ouers

Ons is baie dankbaar dat ons skool gereed is om weer eerskomende Maandag met al ons leerlinge te kan begin. Ons wil elke ouer verseker dat ons alles moontlik in plek het om al die grade by die skool te kan ontvang.

Mag almal van ons alle maatreëls by die huis en die skool streng toepas sodat ons almal gespaar kan bly vir die nuwe jaar.

MEDELYE

Ons opregte meegevoel word betuig teenoor Mev. Mandy Müller en haar familie met die heengaan van haar Pa verlede week. Mag hulle, as familie, die nabyheid van ons Hemelse Vader in hierdie hartseertyd beleef.

KOM ONS BID

Daar is van ons ouers en personeel se familie wat tans ernstig siek is. Ons wil almal vra om saam met ons vir hul spoedige herstel in die moeilike tye te bid.

BEHEERLIGGAAMVERKIESING: DONDERDAG, 4 MAART 2021

Ek kan byna nie glo dat die huidige beheerliggaam se termyn van 3 jaar amper versteke is nie. Die verkiesing van die nuwe beheerliggaam vind op **Donderdag 4 Maart 2021** plaas. Teken solank die datum van die belangrike verkiesing in u dagboeke aan. Die amptelike kennisgewing het ons op D6 geplaas. Elke ouer sal 'n gedrukte kopie ontvang volgende week. Onthou asseblief om die afskeurstrokie terug te stuur skool toe.

SKOOLKWARTAAL DATUMS

Ek gee die nuutste kwartaaldatums aan u deur soos ons dit van die departement ontvang het:

Kwartaal 1 : 15 Februarie tot 23 April
Kwartaal 2 : 3 Mei tot 9 Julie
Kwartaal 3 : 26 Julie tot 1 Oktober
Kwartaal 4 : 11 Oktober tot 15 Desember

Hiervolgens verloor ons dus net 2 skooldae as gevolg van die laat begin.

SKOOLTYE

Die skooltye vir die res van die jaar is soos volg:

Graad R	:	07:45 – 13:00
Graad 1 – 2	:	07:45 – 13:30
Graad 3	:	07:45 – 14:00
Graad 4 – 7	:	07:45 – 14:15

Op Vrydae sluit die skool vir almal om 12:45.

SKOOLDRAG

Die leerlinge moet van **15 Februarie 2021** die korrekte somersdrag aantrek. Die voorskrifte daarvoor verskyn onder die bronne-afdeling op die D6-skoolkommunikeerder. Dié van u wat nog nie die korrekte klere aangeskaf het nie, het dus nog volgende week kans om dit te doen.

U moet ook sorg dat u die korrekte LO-drag vir u kind het. Die leerlinge gaan in die Covidtyd toegelaat word om sportklere skool toe, wanneer hulle LO het aan te trek.

KLASINDELINGS EN -GROEPE

Baie dankie vir almal wat ons laat weet het waar daar botsings was. Die nuutste aangepaste lys met die klasindelings en die verdeling in groepe is reeds weer op D6 geplaas.

Maak asseblief weer seker dat al u kinders in dieselfde groepe geplaas is, sodat hulle dieselfde dag skool toe kom. Indien dit nie so is nie, moet u die skool so gou as moontlik kontak sodat ons die aanpassings kan maak.

ONS PLAN VIR DIE TERUGKEER IS SOOS VOLG

Die skool gaan voort om 'n 10-dag siklus vir al die grade te volg, waar groepe op alternatiewe dae skool toe kom. **(Behalwe graad 7-leerlinge wat elke dag skool toe kom.)**

Die klasse is in twee verdeel. Tydens dié eerste week terug, kom groep A Maandag skool toe, terwyl groep B tuis bly. Dinsdag kom groep B skool toe, terwyl groep A weer tuis bly.

Die tabel hier onder dui aan wanneer watter groep skool toe kom die eerste week en **watter dag se boeke volgens die rooster ingepak moet word.** Slegs grade 4 tot 6 volg 'n spesifieke rooster. Grondslagfase-leerlinge sal 'n normale skoolrooster volg soos voorheen.

Bestudeer die onderstaande tabel om u te vergewis van hoe dit gaan werk.

Datum	Dag	Groep	Rooster gevolg
2021/02/15	Maandag	A	Volg Maandag se rooster
2021/02/16	Dinsdag	B	Volg Maandag se rooster
2021/02/17	Woensdag	A	Volg Dinsdag se rooster
2021/02/18	Donderdag	B	Volg Dinsdag se rooster
2021/02/19	Vrydag	A	Volg Vrydag se rooster
2021/02/22	Maandag	B	Volg Woensdag se rooster
2021/02/23	Dinsdag	A	Volg Woensdag se rooster
2021/02/24	Woensdag	B	Volg Donderdag se rooster
2021/02/25	Donderdag	A	Volg Donderdag se rooster
2021/02/26	Vrydag	B	Volg Vrydag se rooster

DIE LEERLINGE MOET DIE VOLGENDE DOEN VOORDAT HULLE DIE HUIS VERLAAT:

- Was jou hande ten minste 20 sekondes met seep en water. As daar nie seep en water beskikbaar is nie, gebruik 'n ontsmettingsmiddel met alkohol.
- Vermy dit om aan jou oë, neus en mond met ongewaste hande te raak.
- Vermy noue kontak met mense wat siek is.
- Bly tuis as jy siek is en probeer om 'n afstand van ander mense te hou. Stel die skool in kennis van jou afwesigheid.
- Reinig en ontsmet voorwerpe en oppervlaktes wat gereeld aangeraak word.
- Dra jou masker.

GESIGMASKERS

- Die dra van enige soort masker in die openbaar, en dus by die skool, is vanaf 1 Mei 2020 verpligtend.
- Die skool beveel aan dat elke leerling 'n ekstra masker in sy tas dra, indien dit benodig sou word. Pak ook 'n sakkie in waarin die gebruikte masker verseël kan word.
- Maskers moet van 'n goeie kwaliteit wees en uit meer as een laag materiaal bestaan indien dit 'n lapmasker is.
- Jy moet nog steeds 'n gesigmasker dra indien jy van 'n deursigtige gesigskerm gebruik maak.

DIE VOLGENDE REËLINGS MOET OP PAD NA EN VAN DIE SKOOL AF GELD

- Dra jou masker.
- Dit is belangrik om 'n sosiale afstand en goeie higiëne te handhaaf om te voorkom dat jy besmet raak as jy skool toe gaan.
- Probeer ten minste 'n afstand van 1,5 meter hou tussen jou en 'n ander persoon wat saam met jou skool toe stap.
- Indien daar van openbare vervoer of van saamry-geleenthede gebruik gemaak word, is dit belangrik om sosiale afstand en goeie higiëne te handhaaf om te voorkom dat jy besmet raak. Die dra van 'n masker is verpligtend wanneer jy openbare vervoer gebruik.
- Ingevolge die Covid-19-maatreëls moet alle openbare vervoeroperateurs toesien dat voertuie voor en na gebruik ontsmet word en die nuwe voorgeskrewe passasiersgetalle moet geld om die verspreiding van die Coronavirus te bekamp.
- Reinig jou hande voordat en na jy van openbare vervoer gebruik gemaak het.

DAAGLIKSE TOEGANGSBEHEER

Dit is belangrik om die gedeelte te lees.

- Graad R-leerlinge gaan by die hek by hul klasse in.
- Vir die eerste 2 weke gaan die graad 1-leerlinge gebruik maak van die klein hekkie by hul klasse. As hulle gewoon is aan skool toe kom, skuif hulle ook na die hoofhek van die derde week af.
- Graad 2 tot 7 maak soggens van die hoofingang van die skool gebruik.
- **Die hoofingang van die skool, graad 1-hek asook die graad R-hek, sal eers vanaf 06:45 vir leerlinge oopgesluit word. Geen leerling mag voor 06:45 by die skool aanmeld nie.**
- Alle ander hekke sal gesluit wees.
- Die leerlinge moet gesigsmaskers aanhê.
- Die leerlinge moet op gemerkte plekke voor die hoofingang en by die graad R-hek staan.
- Wanneer jy na die hoofhek kyk, tree graad 2 tot 3 links van die hoofhek aan en graad 4 tot 7 regs van die hek.

- Net binne die terrein is daar twee stukke sintetiese gras, wat met ontsmettingsmiddel bespuit is. Vee jou voete 'n paar keer daaroor.
- Graad 2- tot 3-leerlinge loop dan teen die muur links van die potplante af, in die rigting van hul ontsmettingspunt.
- Graad 4- tot 7-leerlinge loop teen die muur regs van die potplante af, in die rigting van hul ontsmettingspunt.
- Stap vorentoe tot by die trap voor die ingang.
- **Sorg dat jou hande leeg is, sodat jy jou hande behoorlik kan ontsmet.**
- Daarna sal jy deurbeweeg na die saal waar jy na een van die opnamestasies beweeg.
- Graad R- tot 3-leerlinge sal dan direk na hul klasse gaan waar hul klasonderwyseresse toesig sal hou.
- Graad 4- tot 7-leerlinge sal dan deur beweeg na die vierkant en die speelveld, waar daar voldoende toesig vir hulle sal wees.

SIFTING VAN LEERLINGE

- **Die nuutste siftingsvorm is op D6 beskikbaar vir die ouers wat dit kan uitdruk om te voltooi.** Die siftingsvorm moet elke oggend **volledig** deur die ouer ingevul en onderteken word.
- Die leerlinge wat Maandag en Dinsdag nie 'n siftingsvorm het nie, sal een ontvang tydens hul eerste skandering.
- Hierdie daaglikse siftingsvorms moet in 'n liasseersakkie gehou word.
- Die ouers moet elke oggend die leerlinge se temperatuur meet en op die siftingsvorm invul indien hulle 'n termometer het.
- Die leerlinge moet hul voltooide siftingsvorm aan die onderwyser by die opnamestasie wys.
- Die leerlinge se temperatuur sal deur die onderwyser geneem word.
- Indien u kind se koors bo 38°C is, of as die vraelys EEN of meer JA-antwoorde op risiko's het, sal u kind na 'n afsonderingsvertrek geneem word. U sal ONMIDDELLIK gekontak word om u kind te kom haal.

PERSOONLIKE SANITASIE/HIGIËNE

- Die skool en al die klaskamers is deeglik skoongemaak in afwagting vir die leerlinge se terugkeer.
- Skoolbanke en ander meublement sal daaglik voor en na skool gereinig en ontsmet word.
- Leerlinge sal slegs by een skoolbank toegelaat word.
- Elke klas sal oor handreiniger beskik. Ontsmetting van hande met die ingaan en uitgaan sal deeglik toegepas word.
- Leerlinge se skooltasse sal by hulle in die klas onder die bank gehou word.
- Elke leerling moet, as noodmaatreël, sy/haar eie handreiniger vir eie gebruik saambring.
- Beheer en sanitasie sal by die kleedkamers in plek wees.
- Kleedkamertoegang sal beheer word.
- Vloeibare seep en windblasers sal beskikbaar wees.
- Die skoonmakers sal die kleedkamerarea, toilette en krane uurliks reinig en ontsmet.
- Die skoonmaakpersoneel is deeglik opgelei in die reinigingsprosedures.

TOEGANGSBEHEER VAN BESOEKERS (OUERS INGESLUIT):

Ter wille van die veiligheid van ons personeel en leerlinge sal die volgende prosedures van toepassing wees.

- **Niemand behalwe leerlinge en personeel word op die skoolterrein toegelaat nie.**
- **Ouers kan slegs iemand by die skool besoek per afspraak.** Maak seker u tref vooraf reëlings.
- Alle betalings moet elektronies gedoen word, of die geld kan direk by die bank inbetaal word.
- Besoekers wat goed kom aflaaï of optel moet dit per voorafgereelde afspraak doen.
- Slegs die hoofingang van die skool sal as toegangspunt gebruik word.
- Die ouer sal gekontak word om hul kind onmiddellik te kom haal indien 'n kind siek word by die skool.
- Ouers wat kinders kom haal moet buite die skool se hekke wag en 'n personeellid sal u kind na buite vergesel. Stel die sekretaresse in kennis sodra u by die hek arriveer. Kontaknommer: 041-3651233

PROSEDURES WAT GEVOLG MOET WORD INDIEN IEMAND SIEK IS

'n Paar van ons ouers het al positief getoets vir Covid-19. Ons is baie dankbaar om te kan sê dat almal van hulle weer gesond is en dat sover ons weet, hulle kinders nie aangetas is deur die siekte nie.

Daar is 'n paar belangrike feite en prosedures waarvan u moet kennis neem:

- **Hou u kind by die huis as hy/sy siek is.** Leerlinge wat siek by die skool opdaag, sal nie tot die skoolterrein toegelaat word nie.
- **Indien u voel u het tekens van die siekte, moet u ook u kind by die huis hou** tot u seker is u is nie positief nie.
- Indien 'n leerling in direkte kontak was met iemand wat positief getoets het, of waar daar vermoed word die persoon positief is, moet die leerlinge onmiddellik by die huis gehou word. Monitor die leerling vir tekens van die siekte. **Onthou om die skoolhoof dadelik in kennis te stel.** Die leerling mag na 14 dae terugkom skool toe indien daar geen tekens van die siekte by hom/haar is nie.
- **Direkte kontak beteken dat hulle fisiese kontak met die persoon gehad het, die persoon se persoonlike besittings hanteer het of nader as 1,5m aan die persoon was.** Om bloot in dieselfde klas of omgewing te wees, beteken nie hulle was in direkte kontak met die persoon nie. Dit word as "terloopse aanraking sonder enige risiko" beskou.
- Leerlinge wat by die skool siek word sal so gou as moontlik in afsondering geplaas word en huis toe gestuur word.
- **Dit is nie die skool se verantwoordelikheid om Covid-19 gevalle te identifiseer nie.** Die meerderheid asemhalingsiektes is nie Covid-19 nie.
- Indien die skool enige vorm van siekte waarneem, sal die skool pro-aktief optree deur die leerling uit die klaskamer te onttrek.
- Dit sal op 'n menslike wyse geskied om stigmatisering te voorkom.
- Die leerling sal na 'n isolasiekamer geneem word waar die ouers deur die sekretaresse (Mev. Veronica Smit) gekontak sal word, sodat die ouer die kind dadelik kan afhaal.

VOLG DIE NODIGE PROSEDURE WANNEER 'N PERSOON WAT SIEK WAS, GESOND GEWORD HET

Volgens beskikbare voorlopige gegewens is die gemiddelde tydperk van die begin tot die kliniese herstel vir ligte gevalle ongeveer twee weke, terwyl ernstige gevalle drie tot ses weke kan duur.

WANNEER KAN LEERLINGE TERUGKOM SKOOL TOE?

Leerlinge moet vir 'n tydperk van 14 dae by die huis bly as hulle simptome begin toon of positief getoets is.

- Leerlinge wat positief getoets het, of in direkte kontak was met iemand wat positief getoets het, kan na 14 dae terugkeer skool toe, **indien hulle geen simptome meer wys nie.**

Ek verwys u na die volgende inligtingstuk wat ons vandag op D6 onder Bronne -> Covid-19 geplaas het:

Standard operating procedure for Covid-19

NASORG

Die nasorg is volstroom aan die gang. Vir die leerlinge wat van die nasorg gebruik gaan maak, beteken dit dat hulle op die dag wat hul formeel onderrig in die klas het, na skool na die nasorg gaan: vanaf skool sluit tot 17:30.

Op die dae wat hulle nie formeel klasonderrig kry nie, is hulle van **07:15 tot 17:30** by die nasorg wat by ons klubhuis, by ons sportvelde, by Geraldstraat aangebied word.

Daar is sekere bepalings vir die voldag nasorg:

- Net 'n beperkte getal nasorgleerlinge kan die voldag nasorg bywoon, om 1,5m distansiëring te verseker.
- Daar sal 32 plekke vir groep A en 32 plekke vir groep B wees.
- Sifting sal soggens by die nasorgklasse gedoen word. Elke leerling moet dus sy voltooide siftingsvorm saambring om toegang te verkry tot die klubhuis.
- Leerlinge bring hul skooltasse saam om te werk aan die huiswerk wat hulle die vorige dag ontvang het.
- Pak asseblief genoeg eet- en drinkgoed in, want dit is 'n lang dag.

Die geen-verdraagsaamheidsbeleid ten opsigte van dissipline en die navolg van Covid-19 prosedures, asook die gedragskode van die skool is ten volle van toepassing by die nasorg.

BEHEERLIGGAAMVERKIESING: DONDERDAG, 4 MAART 2021

Ek kan byna nie glo dat die huidige beheerliggaam se termyn van 3 jaar amper versteke is nie. Die verkiesing van die nuwe beheerliggaam vind op **Donderdag 4 Maart 2021** plaas. Teken solank die datum van die belangrike verkiesing in u dagboeke aan.

LAERSKOOL NEWTONPARK FACEBOOKBLAD

Besoek gerus ons skool se amptelike facebookblad, @LaerskoolNewtonpark.co.za, die blad se profielfoto is die skoolwapen. Dis lekker om na foto's te kyk en met ons leerlinge te spog. Bly ook op hoogte met die nuutste gebeure.

SKOOLGELDE 2021

Soos reeds aan u deurgegee, beloop die skoolgeld vir die jaar soos volg:

SKOOLGELDE: GRAAD 1 tot 7			
	PER JAAR	10 MNDE	11 MNDE
Eerste kind	R15 500	R1 550	R1 410
Tweede kind	R14 100	R1 410	R1 282
Derde kind	R 9 800	R 980	R 891
GRAAD R: MAANDELIKS VOORUITBETAALBAAR			
	R15 500	R1 550	R1 410

NASORG: VRYWILLIGE PROGRAM – KWARTAALLIKS VOORUIT BETAAL		
	PER JAAR	PER KWARTAAL
13:00/13:30 – 14:15	R 5 100	R 1 275
13:00/14:15 – 17:30	R 7 520	R 1 880
13:00/13:30 – 17:30	R 8 800	R 2 200
MUSIEK: MAANDELIKS VOORUIT BETAALBAAR		
Periodes per week	Per Maand/10 mnde	
1	R200	
2	R310	
3	R450	

Op die verwysing van die inbetaling moet u asseblief die rekeningnommer en u kind se van en naam verskaf, en u bewys van betaling aan fin@lnpark.co.za e-pos.

Die volgende wyses van betaling is beskikbaar: maandelikse debietorder oor 10 of 11 maande. (Januarie/Februarie – November en is opbetaalbaar voor/op 30 November 2020. 'n Debietorder kan slegs op 'n tjek-/spaar-/transmissie rekening ingestel word.) Indien u kontant wil betaal kan u by Mev. Laas of direk in ons bankrekening betaal.

Alle graad R-gelde is maandeliks vooruitbetaalbaar; en nasorggelde is kwartaalliks streng vooruitbetaalbaar. Geen verligting word ten opsigte van hierdie dienste toegestaan nie, aangesien hierdie aktiwiteite deel van die skool se vrywillige program is. Die betaling van skoolgelde is 'n wetlike verpligting (Staatskoerant no. 29311). Indien u in gebreke bly om u skoolgelde te betaal, sal dit wetlik afgedwing word.

KRY KORTING OP SKOOLGELDE

Indien skoolgelde (graad R – 7) ten volle betaal word voor/op 28 Februarie 2021 sal 'n 10% korting toegestaan word, en indien ten volle betaal word voor/op 31 Mei 2021 'n 5% korting.

AANSOEK OM VERLIGTING VAN SKOOLGELDE

Indien u om verligting van skoolgelde wil aansoek doen, moet u die nodige vorms per e-pos by Mev. Laas aanvra en **voor of op 29 Februarie 2021**, vir oorweging deur die beheerliggaam, indien. Die aansoek dokumente moet van die nodige dokumentasie (o.a. bewys van inkomste) vergesels wees. Aansoeke moet na fin@lnpark.co.za ge-e-pos word.

Geen vrystellings wat in 2020 toegestaan is, word na 2021 oorgedra nie.

ELEKTRONIESE BETALINGS


REKENINGNAAM	LAERSKOOL NEWTONPARK
BANK	ABSA
REKENINGNOMMER	1400490089
TAKKODE	632005

Op die verwysing van die inbetaling moet u asseblief die rekeningnommer en/of u kind se van en naam verskaf. 'n Bewys van betaling moet per e-pos na fin@lnpark.co.za gestuur word.

GEDAGTE VIR DIE WEEK

Wees versigtig wat jy dink; dit word jou woorde. Wees versigtig wat jy sê; dit word jou aksies. Wees versigtig wat jy doen; dit word jou gewoontes. En gewoontes bou 'n mens se karakter.

Frank Outlaw



JJ. Pienaar

SKOOLHOOF

E-pos: skoolhoof@lnpark.co.za

Tel : 0846935318

ALGEMEEN

BELANGRIKE DATUMS VIR DIE NUWE KWARTAAL:

Die volgende datums moet u asseblief op u kalender aanteken:

- | | | |
|--------------------|---|---|
| Ma – 15 Februarie | : | Skool heropen om 07:45
GROEP A BEGIN
Klerewinkel 07:30-12:00 |
| Di – 16 Februarie | : | Skoolbywoning : Groep B |
| Woe – 17 Februarie | : | Skoolbywoning : Groep A
Klerewinkel 12:00-14:30 |
| Do – 18 Februarie | : | Skoolbywoning : Groep B |
| Vr – 19 Februarie | : | Skoolbywoning : Groep A
Juf. Martinette Coetzee verjaar
Klerewinkel 07:30-12:00 |